DIE BORAN:

Uit Afrika, vir Afrika

Die Boran is 'n suiwer Afrika-ras wat sy oorsprong meer as 'n duisend jaar gelede in die suide van Ethiopië gehad het – 'n streek bekend vir sy uiterste klimaatstoestande en gereelde droogtes.

Die Boran is 'n Afrika Zebu-ras en het oor baie generasies aangepas by die klimaat en omgewing van die vasteland om goeie, wenslike eienskappe te ontwikkel. Die ras is in 1995 vir die eerste keer in Suid-Afrika bekendgestel en die Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika is in 2003 gestig.

Alles in die gene

Die genetiese samestelling van die Boran is uniek, wat dit ook een van die beste keuses vir kruisteling maak. Die Boran bestaan uit 24% Europese *Bos taurus*, 64% *Bos indicus* en 12% Afrika *Bos taurus*.

Die Boran is 'n mediumraamdier met 'n dik, los en elastiese vel wat glad en olieryk is. Dit maak dat die diere minder wenslik is as gashere vir peste soos bosluise en vlieë. Die vel, dik oogbanke met baie lang wimpers en 'n lang stert met 'n groot, goedgevormde kwas, help om die diere teen insekte te beskerm. Deur natuurlike seleksie het hulle ook bestand geraak teen siektes wat deur eksterne parasiete soos bosluise, asook inwendige parasiete, veroorsaak word.

Die Boran is gesog onder veeboere en telers in Suid-Afrika.

Boran se uitblinkerkoeie

Borankoeie het baie goeie uiers met goedgevormde spene en is uitsonderlik geskik om kalwers van die veld af groot te maak. Die koeie speen gemaklik en hul kalwers weeg ongeveer 50% van die koei se gewig by speen. Die kalwers is vanaf geboorte klein en gehard.

Borankoeie het 'n goeie moederinstink wat ook as afskrikmiddel teen roofdiere dien. Die koeie is uiters vrugbaar en selfs onder moeilike omstandighede sal 'n Borankoei aanhou om te teel en haar kalwers groot te maak.

Waarom die Boran?

Die Boran bied verskeie voordele wat die ras gesog maak onder veeboere en telers in Suid-Afrika. Die diere:

- Is nie-selektiewe beweiders, met 'n rumen en metabolisme wat swak ruvoer kan hanteer.
- Is aanpasbaar, behou hul kondisie en is produktief op alle veldtipes.
- Beskik oor 'n ongelooflike sterk kudde-instink wat dit maklik maak om kuddes in bebosde omgewings te bestuur.
- Kan met sukses van die veld af gevoer word.
- Bied uitstekende karkasgehalte met 'n hoë uitslagpersentasie en uitsonderlike vleissagtheid.
- Het 'n goeie temperament en langslewendheid.
- Is maklik hanteerbaar en beweeg gemaklik oor lang afstande en klipperige terrein.
- Bied buitengewone kruisteelvermoëns en uitstekende basterkrag.
- Is ideaal om vleis van hoë gehalte teen 'n lae insetkoste te produseer.

Vir meer inligting, kontak die Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika by 051 4100 951 of boran@studbook.co.za, of besoek hulle webtuiste by *www.boran.org.za*. Foto's verskaf deur die Boran Beestelersgenootskap.